# DIEN DIE HERE OP <u>SY</u> MANIER

Eks 32:1-14

"Ons was baie lief vir Moses. Ons het baie respek vir hom gehad. Hy was 'n sterk leier. Solank hy by ons was, was ons gerus. Al het hy net vir God by ons *verteenwoordig*, was hy vir ons *soos God*. Hy het altyd God se boodskappe aan ons oorgedra. Sedert ons hier by die berg Sinai aangekom het, het dit al 'n paar keer gebeur. God het met ons 'n **verbond** gesluit (19:6). Hy het belowe dat as ons Hom gehoorsaam, sal ons sy volk wees. Hy het toe ook by monde van Moses aan ons **tien gebooie** gegee waarvolgens ons ons moes gedra. Dit was **ses weke gelede**. Toe is Moses weer teen die berg uit om te hoor wat God nog verder te sê het.
Nou is dit al **veertig dae later**. Moses is nog nie terug nie en laat hoor ook niks van hom nie. Ons weet nie wat van hom geword het en of hy nog lewe nie. Noudat hy nie meer by ons is nie, voel dit asof God ons ook verlaat het. Ons weet nie waar om God nou te vind nie. Om te sê dat Hy oral is, is **te vaag**. 'n Mens wil 'n plek hê waar jy weet HIER is God (adres… vel). Die *onsekerheid* en *onsigbaarheid* maak jou klaar. Dit is verskriklik om net so op God te *moet wag* en niks gebeur nie. Jy sien niks en jy hoor niks. Jou **geduld** raak lateraan op.
Dit is wat met ons gebeur het. Ons het by van die ander nasies gesien dat hulle vir hul gode **rydiere** maak. Dan weet hulle waar om hulle god te vind – daar op die rug van die rydier. Ons kry toe 'n klomp van ons bymekaar en sit af na **Aaron** toe. Hy het solank as leier vir Moses ingestaan. Eintlik was hy 'n beter volgeling as leier. Ons vra hom toe om vir ons 'n god te maak. Hy was baie demokraties en het na die wil van die meerderheid geluister. Hy het dit nie eers nodig gevind om vir God te raadpleeg, of Hy ook dink dit is 'n goeie idee om vir Hom 'n rydier te maak nie. Hy maak toe bul se kind as rydier vir Hom.
Maar ons moes almal ons **goue oorringe** skenk – die mans en seuns ook! Julle kan wel vra waar slawe aan sulke duur juwele kom? God het gesê ons kon dit maar van die Egiptenare eis voordat ons uit hul land vertrek het. Hulle het ons in ek geval soveel eeue as goedkoop arbeid uitgebuit en God het geweet dit sou nodig wees vir sy doeleindes.
Toe die goue kalf voltooi is, het ons **baie beter gevoel**. Al was Moses steeds afwesig, het ons darem weer *iets tasbaars en sigbaars* gehad om ons geloof aan te koppel. Dit het dit vir ons **makliker** gemaak om te glo en te offer en ons godsdiens te bedryf.

Maar toe begin dinge in ‘n **verkeerde rigting** beweeg. Hierdie *tuisgemaakte, mensvriendelike ontwerpersgodsdiens* van ons begin toe lelik **skeef loop**, want die mense begin toe sê dat die **kalf die god** is wat ons uit Egipte uit bevry het. Toe Aaron besef wat aangaan, probeer hy nog dinge regstel deur aan te kondig dat ons die volgende dag nie *vir* die kalf nie, maar *voor* die kalf offers sou bring en sou fees vier ter ere van *die Here*, nie ter ere van *die kalf* nie. Sy kompromis het nie gehelp nie. Daar was toe geen keer meer nie. Die mense het die volgende dag gekom en die kalf aanbid en daar rondom gedans en hulle op ‘n manier gedra wat nooit die God van Abr, Isak en Jakob se goedkeuring sou wegdra nie.
Dis toe wat **Moses en Josua** weer op die toneel verskyn. **Agterna** sou ons hoor die Here het op die berg al vir hom gewaarsku oor wat aan die gang was, dat sy volk die pad verlaat het wat Hy skaars ses weke vantevore vir hulle aangewys het. Hulle het dus hulle kant van die *verbond verbreek*. (Ons kon vir HOM nie sien nie, maar Hy kon ons baie goed sien!) Daarom was Hy van plan om ons te vernietig en Moses moet Hom nie probeer keer nie. Moses self sou egter niks oorkom nie, inteendeel, die Here sou hom ‘n groot nasie maak.
**En wat maak Moses toe?** Hierdie keer is hy nie aan die Here gehoorsaam nie. Al het die Here hom gewaarsku om Hom nie te probeer keer nie, probeer hy tog! Hy pleit vir sy volk. Hy dink nie **net aan homself** (“Solank EK maar net nie iets oorkom “) nie. Hy pleit vir die **eer van die Here**: “Here, as U nou u volk los, sal die Egiptenare die volk van God spot, hulle sal die Naam van God spot. U eer gaan daaronder ly!”
Hy beroep hom op **God se Woord**: “Here, onthou U het ‘n belofte gemaak. U het ‘n verbond gemaak met Abr, Isak en Jakob. Asseblief, Here, vergewe hulle sonde en aanvaar hulle weer!”
Moses het baie gewaag, maar sy gebed het **vrugte afgewerp**: God het van plan verander! Hy het afgesien van die ramp wat hy oor die volk wou bring.
Dit het vir ons nog *groter respek* vir Moses laat kry. Hy het sy lewe vir ons op die spel geplaas het sodat ons kon voorttrek na die Beloofde Land. Ons het nog *groter waardering* vir God gekry: Hy was ons genadig al het Hy die volste reg gehad om ons te vernietig.”

**IS ONS ANDERS**?

Geliefdes, is ons vandag regtig baie anders as die volk van God daar by die berg Sinai? Is dit nie *ons* van wie die Bybel hier praat

nie? Ek dink daar is baie van ons wat ook al gewens het dat God tog net **'n vel** omgehad het dat ons Hom kon sien! *"Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie."* (Hebr 11:1) Dis nie aldag maklik om te glo in die bestaan van 'n *onsienlike God* nie. Soms mag van ons al gewonder het wat het van *God geword*? Baie het waarskynlik ook al *ongeduldig* geword omdat Hy in ons oë so lank talm.

Dis dan wanneer **die versoeking** daar is om ons *eie godsdiens te ontwerp*; om die skerp en ongemaklike kantjies af te veil sodat dit vir ons makliker is om te glo. Ons maak asof ons nog steeds vir God aanbid, maar intussen stel ons **ons vertroue** al hoe meer op ons rykdom, kennis, of op ander mense. Dit maak dinge darem net soveel eenvoudiger. Ons skep vir ons 'n god na ons beeld en ons gelykenis, na ons smaak. Ons skryf ons **eie Tien Gebooie** volgens waarvoor ons kans sien. Ons besluit self oor wie die naaste is vir wie ons sal liefhê soos onsself – en wanneer. Ons gebruik die gawes wat ons van God ontvang het (oorringe, talente, krag en tyd), om ander gode mee te vereer.

Die ding met so 'n selfgemaakte godsdiens is dat dit jou gewete sus, maar eintlik is dit nie godsdiens nie, maar **selfdiens.** Dit gaan daarom dat jy moet *goed en beter voel*. Daar is baie min sprake van *selfverloëning*. Op die ou end is dit waarvoor ek lus is en nie lus is nie, waarvan ek hou en nie hou nie, wat my pas en nie pas nie, dit wat die deurslag gee ipv wat God van my verwag. **Die goue kalf wat ek aanbid, is ekself!**

Die **tweede gebod** kom daarop neer dat ons God nie deur beelde of op enige eiesinnige manier mag dien nie. Hy eis *"onverdeelde trou"* en is nie te vinde vir kompromieë nie.

Hy het wel vir ons die **Bybel** en die **sakramente** van die doop en die nagmaal gegee om sy teenwoordigheid vir ons meer werklik te maak. Maar ons moet waak daarteen dat selfs dit nie vir ons *afgode* word nie. Dan is ons *bygelowig.* Ons aanbid nie die Bybel nie, of die brood en die wyn by die nagmaal nie. Die doop is ook nie God wat my red of beskerm nie.

**EVANGELIE**

Gelukkig dat die Here Jesus soos Moses sy **lewe op die spel** geplaas het in ons belang sodat daar vir ons almal vergiffenis kan wees wanneer ons berou het en ons sonde bely. **Sy Naam** gee ons ook *die vrymoedigheid* om soos Moses by God in te tree vir hulle wat nog onder Sy oordeel leef. Laat ons daarom, terwyl ons

op onsself let,  nie ophou om *te bid vir* die redding van hulle wat nog afgode aanbid en valse godsdiens beoefen nie.

Amen

9 Okt 2011